



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.

2. Daar word VYFTIEN minute leestyd toegestaan voor die begin van die eksamen.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: (30 punte)
   AFDELING B: (60 punte)
   AFDELING C: (60 punte)

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

   VRAAG 1 Epiese Teater
   - *Kaukasiese Krytsirkel* of
   - *Moeder Courage* of
   - *Kanna Hy Kô Hystoe*

   VRAAG 2 Teater van die Absurde
   - *Afspraak met Godot* of
   - *Die Kaalkop Prima Donna* of
   - *Bagasie*

   Beantwoord SLEGS EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B Suid-Afrikaanse Teater bestaan uit AGT vrae:

   - VRAAG 3 *Boesman en Lena*
   - VRAAG 4 *uNosilimela*
   - VRAAG 5 *Woza Albert*!
   - VRAAG 6 *Sophiatown*
   - VRAAG 7 *Nothing but the Truth*
   - VRAAG 8 *Groundswell*
   - VRAAG 9 *Siener in die Suburbs*
   - VRAAG 10 *Mis*

   Beantwoord SLEGS TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae. VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND. Beantwoord in VRAAG 13 slegs EEN van die drie vrae, VRAAG 13.1, VRAAG 13.2 of VRAAG 13.3.

7. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.

9. Gebruik jou klaskamerkennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke om die vrae te beantwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

### VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* ÓF *Moeder Courage* ÓF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

| |
|---|
| Brecht was daarvan oortuig dat die teater 'n instrument van maatskaplike verandering moes word. |

Bespreek hoe die Epiese toneelstuk wat jy hierdie jaar bestudeer het, maatskaplike verandering aangemoedig het. Verwys in jou antwoord na spesifieke voorbeelde van tema, karakter en Verfremdungseffekt (vervreemding) uit die toneelstuk om jou bespreking te ondersteun. **[30]**

**OF**

### VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* ÓF *Die Kaalkop Prima Donna* ÓF *Bagasie* bestudeer het.

| |
|---|
| Absurde toneelstukke het onlogies gelyk omdat hulle tegnieke gebruik het wat nie konvensioneel was nie. Die intrige (storielyn) het afgewyk van die tradisionele episodiese struktuur en het gelyk asof dit in 'n sirkel beweeg … Stel en dekor was dikwels onherkenbaar en die temas het mense getoon wat in 'n betekenislose en irrasionele wêreld bestaan. |

Bespreek hoe die onkonvensionele (ongewone) tegnieke in 'n Absurde toneelstuk die stelling hierbo ondersteun. Verwys in jou antwoord na voorbeelde van intrige (storielyn), stel en temas uit die toneelstuk wat jy bestudeer het. **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

**Daar is agt vrae in hierdie afdeling. Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling wat van toepassing is op die toneelstukke wat jy bestudeer het.**

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Lees die volgende uittreksel uit *Boesman en Lena* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| LENA: | *(Sag, aan die ouman)* Ons deel myne, moenie worry nie.<br>*(Kyk op en sien Boesman hou haar dop)*<br>Ek sê daar Boesman, die ou pondokkie lyk oraait, lekka ou nessie. Hy's goed met sy hande, Outa.<br>*(Sonder om te besef wat sy doen, begin Lena 'n liedjie te neurie terwyl sy by die vuur werk. Sy besef die fout te laat. Boesman kyk kwaai na haar.)*<br>*(Desperaat.)* Ek issie happy nie, Boesman. |
| BOESMAN: | Ek sien vir jou Lena. En daar's 'n gedagte in daai kop van jou. |
| LENA: | Die Jirre hoor vir my Boesman, ek issie happy nie! |
| BOESMAN: | Hy moet loop. |
| LENA: | 'Seblief Boesman! |
| BOESMAN: | Nei, hy't nou genoegsaam gerus sê ek. Hei! |
| LENA: | Maar dis dan donker. |
| BOESMAN: | Dis sy worries daai. Hei! *Hamba wena!* |
| LENA: | Hy maak tog nikse kwade nie, Boesman. |
| BOESMAN: | Ja, tot hy ander saambring? Dis glad te na aan hulle lokasie. |

3.1 Verduidelik hoe Outa se aankoms vir Boesman geaffekteer het. (3)

3.2 Waarom is die volgende verwysing na Boesman ironies: "Hy's goed met sy hande" (reël 3–4)? (3)

3.3 Lena herhaal 'Ek issie happy nie.' (reël 8 en 10)

3.3.1 Waarom doen sy dit? (2)

3.3.2 Verduidelik hoe die aktrise stemtoon en volume sal gebruik om die verskil in betekenis van Lena se woorde te wys wanneer sy reël 8 en 10 vertolk. (6)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Stel jou voor dat jou skool hierdie produksie opvoer.

3.4.1 Verduidelik watter tipe verhoog die geskikste sal wees vir 'n produksie van *Boesman en Lena*. (2)

3.4.2 Beskryf die stel wat prakties sou wees vir hierdie produksie. (3)

3.4.3 Beskryf die soort kostuums wat jy sou voorstel vir die karakters van Boesman, Lena en Outa. (3)

3.5 Bespreek hoe die tema van rassisme deur die karakter van Boesman op die verhoog voorgestel word. Gebruik voorbeelde uit die toneelstuk om jou antwoord te ondersteun. (8)
[**30**]

## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

Lees die volgende uittreksel uit *uNosilimela* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| OLD WOMAN: | Sawubona, mntanami. [Greetings, my child.] |
| uNOSILIMELA: | [BREATHLESSLY]: Yebo, gogo. [Yes, grandmother.] |
| OLD WOMAN: | Where are you going to, child, with a face so grey with care? What worries you? |
| uNOSILIMELA: | Gogo, I am afraid my ancestral spirits are angry with me for having forsaken them and becoming a Christian. My mind is not at peace. I am so lonely though I dare not tell others about this. |
| OLD WOMAN: | O, you young people are alike nowadays, always worrying about little things instead of big ones. [Takes some snuff]. Tell me more. |
| uNOSILIMELA: | Each Sunday I have to undergo a ritual in church, the ritual of symbolically eating flesh and drinking blood of the son of the whiteman's God. Each time I do this, I feel a traitor to my people and I feel as though every one of my ancestors has turned his back on me. |
| OLD WOMAN: | My child, you are not the only one who's being torn apart between the old faith of our fathers and the new faith of the whiteman. Many find they cannot, no matter how hard they try, completely turn their backs on their ancestors and upon the ways of the old ones and yet at the same time feel forced to follow the faith of the whiteman for reasons you well know. But I'll tell you something that will ease the burden of guilt, fear and uncertainty in your heart ... |
| uNOSILIMELA: | Yini leyo, gogo? [What's that, grandmother? |

Kopiereg voorbehou

OLD WOMAN: My child, many of the things that the followers of the whiteman's God do symbolically in their churches are very similar to things which your forefathers and mine used to actually do in the sacred places where they worshipped the gods of Africa. … Hamba kahle mntanami [Goodbye my child].

uNOSILIMELA: Sala kahle, gogo. Ngiyabonga [Goodbye, grandmother. Thank you].

4.1 Bespreek van watter taal- en karakteriseringstegnieke die dramaturg gebruik maak om die ou vrou as eerbiedwaardig voor te stel. (4)

4.2 Verduidelik in watter dilemma uNosilimela in hierdie uittreksel verkeer. (4)

4.3 Jy word gevra om die regie van hierdie uittreksel te doen.

4.3.1 Beskryf hoe jy die aktrise wat die ou vrou in hierdie uittreksel speel, sal lei om deur vokale en fisiese spel 'n karakter te weerspieël wat beide selfvertroue het én vir ander mense omgee. (8)

4.3.2 Watter stemtoon en pas (tempo) sal die aktrise wat uNosilimela speel, gebruik wanneer sy haar bekommernis aan haar Ouma in reëls 5–7 verduidelik? (4)

4.4 Bespreek hoe die temas, struktuur en sosiale en kulturele kwessies van die produksie *uNosilimela* vandag nog steeds toepaslik (relevant) is. (10)
[**30**]

**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

*Lights up. Percy and Mbongeni are coal-vendors, soot-stained sacks on their heads. They are climbing on to boxes – a coal lorry – taking off.*

BOTH PERCY & MBONGENI Hey! Firewood for sale! Coal for sale! Smokeless coal for sale! Firewood for sale! *(They make sound of the lorry's engine revving). The lorry moves off)*

PERCY: Coal for sale! Hey wena, Auntie MaDlamini, phum' endlini. [Hey you, Auntie Dlamini, come out of your house.] *(He spies a young girl, gestures.)* Dudlu!! Mayemaye the sugar pumpkin. [Hallo there, hi hi, you are the sugar, the pumpkin.]

MBONGENI: Red light! Hey wena! [Hey you!] Driver – awuboni i-robbot? [Can't you see the red light?]

PERCY: Don't you see the red light?

| | |
|---|---|
| MBONGENI: | Awuboni la uyakhona? [Can't you see where you're going?] |
| PERCY: | He hasn't got a licence. |
| | *Noise of the lorry revving. They discover the invisible interviewer below and turn to him impatiently.* |
| PERCY: | What? Morena here in South Africa? You're talking rubbish! (*Lorry sounds again. It jerks forward*.) Smokeless coal for sale! Firewood for sale! *(Looks back*) Putsho putshu ikaka kwedini. You're talking shit, boy. |
| MBONGENI: | Inkanda leyo – kwedini iyashisa hhe? [Your prick is hot, boy, –heh?] |
| | *Percy looks back contemptuously and makes a rude sign with his finger as the lorry drives off.* |
| | *Fade.* |

5.1 5.1.1 Hoe sal akteurs hullself voorberei vir hulle rolle in hierdie toneelstuk? (2)

5.1.2 Watter plek (venue) sal geskik wees vir 'n opvoering van *Woza Albert!*? (2)

5.1.3 Watter kostuums sal jy voorstel vir die twee akteurs om in hierdie uittreksel te dra? (2)

5.1.4 Verduidelik hoe die akteurs klankeffekte in hierdie uittreksel kan gebruik. (4)

5.1.5 Beskryf die akteur-gehoor-verhouding wat die geskikste vir *Woza Albert!* sal wees. (2)

5.1.6 Noem TWEE voordele wat die gebruik van Grotowski se Gestroopte Teater aan die skepping en opvoering van *Woza Albert!* bied. (4)

5.2 Verduidelik die funksie van die onsigbare verslaggewer ('*invisible interviewer*') (reël 16). (2)

5.3 Bespreek of die gebruik van vulgêre taal en skurwe tekens (reël 20–25) gepas is vir hierdie toneelstuk. (4)

5.4

| |
|---|
| *Woza Albert!* is geskryf in die tyd van politieke opstand in Suid-Afrika en word dikwels as 'n toneelstuk met elemente van protesteater beskou. |

Verwys na die stelling hierbo en bespreek of *Woza Albert!* as 'n politieke protestoneelstuk geklassifiseer kan word. (8)

**[30]**

**VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP**

Lees die volgende uittreksel uit *Sophiatown* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| RUTH: | That door is closed, Jakes. |
| JAKES: | No, it's not. |
| RUTH: | Yes it is. |
| JAKES: | Nonsense. |
| RUTH: | Jakes. Right now I don't know where I'm going, but the door to Yeoville is shut. |
| JAKES: | No … |
| RUTH: | I'm the one who's closing it. |
| | *(Lights change)* *ACT2 SCENE 7* |
| | *(The cast sing 'Boph' umthwalo' as they enter*.)<br>Boph' umthwalo sigoduke (4)<br>Siya' shiya Ikofifi (4) |
| | (We pack up and we leave (4)<br>We're leaving Sophiatown) (4) |
| | (*As the Cast sing, they slowly place a lifetime's furnishings and possessions in a pile around* JAKES'*s desk. The old bath is carefully laid on its side.* MAMARITI'*s onto her chair which has been placed on top of an old tin truck. The other members of the Cast each take up a special position and recite their monologues over the singing. The stage becomes very quiet, only the hum of the song remaining. The lighting is moody. Faces are picked out by the spotlights*.) |
| MAMARITI: | The day they moved us out, it was the day the big rains fell. That was the day of the tears and the day of the Saracens. |

6.1 Jakes herhaal drie keer negatiewe frases (reël 2, 4 en 7). Beskryf hoe jy die akteur sou lei om dramatiese spanning te bou in sy vertolking van hierdie woorde. (4)

6.2 Hoe toon Ruth se reaksie (in reël 8) dat sy as mens ontwikkel het sedert haar aankoms in Sophiatown? (3)

6.3 Verduidelik die funksie van die liedjie (reël 10–21). (4)

6.4 Die toneelstuk eindig met 'n reeks monoloë deur elke karakter.

6.4.1 Waarom is dit gepas dat die karakter van Mamariti die reeks monoloë begin? (3)

Kopiereg voorbehou

6.4.2 Bespreek die effektiwiteit daarvan om die toneelstuk af te sluit met hierdie reeks monoloë. Verwys na beide die struktuur en die fisiese opvoering van die toneelstuk in jou antwoord. (6)

6.5 Jakes sê: '*Memory is a weapon. Only a long rain will clean away these tears.*'

Verwys na die aanhaling hierbo en bespreek hoe effektief die toneelstuk *Sophiatown* as 'n akkurate historiese verslag van die plek Sophiatown is. (10)
**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Lees die volgende uittreksel uit 'n onderhoud met John Kani en beantwoord die vrae wat daarop volg.

'Ek het 'n toneelstuk geskryf wat *Nothing But the Truth* genoem word; hierdie toneelstuk is 'n voorbeeld van die vergifnis van 'n familie wat binne 'n breër samelewing lewe, om te begryp hoe mense hulself moet vergewe …

Die toneelstuk speel in 2000 af, die begin van die nuwe millennium en die begin van die nuwe Suid-Afrika, 'n tyd van enorme politieke en maatskaplike veranderings, 'n tyd van terugbeskouing oor 'n Apartheidsverlede, 'n tyd van voorraadopname oor die werklikhede van die hede, 'n tyd waarin die waarheid van die verlede beskou word, versoening deur vergifnis gevind word en vorentoe beweeg word na 'n toekoms wat gevul is met vryheid en moontlikhede. Dit is in hierdie konteks dat Sipho sy eie persoonlike drama uitleef en uitdrukking gee aan hierdie selfde situasie in sy eie lewe. In die proses van die toneelstuk ondergaan Sipho sy eie persoonlike waarheids-en-versoeningsproses deur beskouing van die verlede, vergifnis in die hede en vervulling van die toekoms.'

John Kani

7.1 Bespreek die toepaslikheid van die titel *Nothing but the Truth.* (4)

7.2 Waarom is dit belangrik dat die toneelstuk afspeel in die jaar 2000? (3)

7.3 Toe die toneelstuk vir die eerste keer in 2002 opgevoer is, is dit beskryf as '*vars en roerend*' (aandoenlik). Bespreek of hierdie frase nog steeds in 2011 toepaslik is. (4)

7.4 Kani het besluit om hierdie toneelstuk in 'n realistiese omgewing te laat afspeel.

7.4.1 Hoe dra die keuse van 'n realistiese omgewing by tot die effektiwiteit van die toneelstuk? (4)

7.4.2 Beskryf die stel en dekor wat nodig is vir 'n opvoering van hierdie toneelstuk. (5)

7.5 Bespreek hoe die toneelstuk '*… 'n voorbeeld (is) van die vergifnis van 'n familie wat binne 'n breër samelewing lewe …*'. (reël 2–3). Verwys in jou antwoord na die temas van vergifnis en versoening. (10)
**[30]**

**VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Lees die volgende uittreksel uit *Groundswell* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

(*Johan takes off his jersey and dries his hair with it. We see he is carrying a diver's knife on his belt. He sits down: flings his jersey onto the pile with the rest of his discarded things. This prompts Thami to pick up the whole bundle and dump it outside, through the stoep door. As he opens the door, the dog barks, and the sea sounds grow louder*.)

THAMI: (*Chasing the dog*) Voetsek! (*The sea sounds fade again as he closes the door)*

JOHAN: Took uinja for a uhambo elunxwemeni. (*Thami laughs*) That's wrong?

THAMI: No, it's right. You took the dog for a run on the beach. Very good.

JOHAN: It's a crazy animal.

(Thami takes the broom again, and this time sweeps away the sand Johan and the wind have brought in.)

THAMI: Chasing the seagulls again?

JOHAN: He never learns. And I swear the gulls know he is mad. They come flying in low over him, only just out of his reach. And he takes the bait every time.

THAMI: Like you?

JOHAN: What?

THAMI: Did you find something?

JOHAN: Hey?

THAMI: A funny piece of glass, maybe (laughs) I've seen you. When you walk on the beach, you don't look at the sea, you don't look at the sky. Your head's down, your eyes are in the sand … this side, that side – looking for I think I know what.

JOHAN: So I'm a diamond prospector.

THAMI: And you take the bait every time.

JOHAN: There's always a possibility.

THAMI: That's what the dog also thinks. But you laugh at the dog.

8.1 Hoe word die duikmes (reël 2) later in die toneelstuk gebruik? (3)

8.2 Bespreek tot watter mate Thami se vergelyking van Johan met die hond in reël 16 ('*Like you?*') geldig is. (4)

8.3 Hoe gee die dialoog tussen Thami en Johan in hierdie uittreksel aan die gehoor die indruk dat hulle vriende is? (4)

8.4 Beskryf die wisselinge in stemtoon wat die akteur wat Johan speel, moet gebruik sodat sy veranderende bui in hierdie uittreksel waarneembaar is. (4)

8.5 Wat maak dit duidelik in hierdie uittreksel dat daar 'n realistiese styl in die teks van *Groundswell* gebruik word? (5)

8.6

> 'In *Groundswell* kruis die lewens van drie teleurgestelde mans mekaar met plofbare gevolge …'
> Charles Isherwood

Beskryf hoe elke karakter se teleurstelling na die onvermydelike '*plofbare gevolge*' in die klimaks van *Groundswell* lei. (10)
**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Lees die volgende uittreksel uit *Siener in die Suburbs* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TIEMIE: Boetie ...

TJOKKIE: Middag, Tiemie. Het ou Giel al sy ding verkoop?

TIEMIE: Watter?

TJOKKIE: Hy't weer een van daardie goed van hom aangedra.

TIEMIE: Jy moenie ...

TJOKKIE: Ek sal nie weer nie, maar ek is al so dik vir die ou. Ma sal nie voor ons koop nie, maar môre as hulle uit die slaapkamer kom, is daardie ding weer verkoop.

TIEMIE: Jy moet my help, Boetie.

TJOKKIE: Ek het 'n domkrag gekoop – ek's kaal.

TIEMIE: Boetie, ek moet met jou praat.

| | |
|---|---|
| TJOKKIE: | Wat vreet jou?<br>*(Hy gaan voort met sy werk.)* |
| TIEMIE: | Boetie, ek is oor my tyd. |
| TJOKKIE: | Oor wat? |
| TIEMIE: | My tyd, man, my tyd. |
| TJOKKIE: | Wat se tyd? Was jy laat vir iets? |
| TIEMIE: | Oór my tyd. 'n Vrou se tyd. |
| TJOKKIE: | O! Is dit nou so erg? Is dit seer as jy oorgaan? |
| TIEMIE: | Boetie, man, magtag, ek is bang ek verwag. |
| TJOKKIE: | *(onder die motor uit, kyk haar vir 'n rukkie aan.)* 'n Kleintjie? |
| TIEMIE: | Ja. |

9.1 Tiemie is bang dat sy dalk swanger is. Wie is die pa van hierdie baba? (1)

9.2 Hoe sou jy die aktrise wat die rol van Tiemie speel, lei om reël 9–20 fisies en vokaal te vertolk? (5)

9.3 In *Siener in die Suburbs* verset die karakters hulle teen hulle onregverdige lewens.

Verwys na die uittreksel hierbo, asook na die toneelstuk as 'n geheel en bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie stelling met betrekking tot:

- Tiemie (4)
- Tjokkie (4)

9.4 Lees die volgende uittreksel uit die verhoogaanwysings van die toneelstuk.

| |
|---|
| Dis Vrydagaand en somer en nog lig in die suidelike voorstede van Johannesburg. Ons kyk na die agterplaas van Ma se 'semi' ... |

9.4.1 Noem die styl en stel wat die geskikste vir die opvoering van hierdie drama sal wees. (2)

9.4.2 Verduidelik hoe die stel hierdie styl weerspieël. (6)

9.5 Vergelyk Ma en Giel se verhouding met dié van Tiemie en Jakes. Bespreek in jou antwoord die karakters en hulle verhoudings met mekaar in die toneelstuk. (8)

**[30]**

**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Lees die volgende uittreksel uit *Mis* en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEISIE: *(Lag skaam. Staan op en beweeg na die venster terwyl sy sing-praat)* Margareta, Johanna, Margareta, Johanna, Margareta, Johanna. *(Laggie. Trek die gordyne effens opsy en loer deur.)*

KONSTABEL: Waar is u nou, Juffrou?

MEISIE: *(Besig om te loer. Opgewonde)* Hier, by die venster. Ek kyk na die groot tent en al die liggies!

KONSTABEL: Die sirkus?

MEISIE: Ja. *(Draai na die konstabel. Skielik vreesbevange)* Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief.

KONSTABEL: Ek sal nie.

MEISIE: Belowe. Belowe eers.

KONSTABEL: Ek belowe.

MEISIE: *(Duidelik verlig)* Ek sal nie weer kyk nie. Regtig nie.

KONSTABEL: Ek gee nie om nie. Ek hou ook van die sirkus.

MEISIE: *(Opgewonde)* Het u dit al gesien? *(Skielik skaam)* Ek … is jammer.

KONSTABEL: *(Lag)* Nee. Maar ek sou wat wou gee. En jy … Margareta? Het jy?

MEISIE: Ja. *(Bang)* Maar ek mag nie daarvan praat nie.

KONSTABEL: *(Sag)* Maar jy het dit gesien?

MEISIE: *(Sag en vinnig)* Ja.

KONSTABEL: Vertel vir my.

MEISIE: Nee! Ek mag nie daaroor praat nie!

10.1 Waarom is Meisie vreesbevange (reël 9) nadat sy deur die gordyn geloer het? (2)

10.2 Meisie sê in reël 5–6: '*Ek kyk na die groot tent en al die liggies*!' Bespreek hoe die beligting in die toneelstuk gebruik word om die tema daarvan te versterk. (6)

10.3 Meisie '*mag nie … praat*' (reël 21) oor wat sy by die sirkus gesien het nie.

10.3.1 Wat het sy gesien? (3)

10.3.2 Waarom mag sy nie daaroor praat nie? (3)

10.3.3 Verduidelik die simboliese betekenis van Meisie se ervaring by die sirkus. (6)

10.4

> Om 'n toneelstuk te regisseer, moet jy binne-in elke oomblik ingaan – die mense, wat hulle dra, wat jy hoor en sien.
>
> Reza de Wet

Verduidelik hoe jy die aktrise wat die rol van Miem speel, sal help om sowel die karakter as Miem se rol in die toneelstuk te begryp. (10)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

**AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING**

**AFDELING C IS VERPLIGTEND.**

**VRAAG 11**

Jy het die taak om 'n koorspraakopvoering van die gedig *Afrika* deur Anton Goosen te skep. Jy is deel van 'n groep van ses leerders. Lees die gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

wilde wit duiwe, wilde wit duiwe
vlieg met die ver wind saam
en die vier ver winde
vra die duiwe
wat is elk se naam
wilde wit duiwe, wilde wit duiwe
skud net die koppe saam
en die antwoord is belangriker
as elke duif se naam
kyk ons reis waar die suiderkruis wys
na die suidpunt van afrika
en die lied wat ons bring
as die rooidag begin
gaan ons kinders se kinders ook nog sing
*nkosi sikelel'i afrika!*
die ver paaie neem my die blou berge oor
terug op die spoor van die kakebeenwa
waar die hemel swaar aan al sy sterre dra

11.1 Verduidelik hoe jy die stemme in die groep sou verdeel om reël 1 en 2 te vertolk. Gee 'n rede vir jou besluit. (3)

11.2 Die woorde '*wilde wit duiwe, wilde wit duiwe*' (reël 1 en 6) word herhaal. Watter stemtegnieke sal jy gebruik in die vertolking van hierdie twee reëls om kontras in jou aanbieding te skep? (4)

11.3 Beskryf hoe jou groep stemdinamiek en klankeffekte in reël 10–18 sal gebruik. (6)


11.4 Verduidelik watter stemtoon jy in reël 18 sou gebruik om die koorspraak mee af te sluit. (2)

**[15]**

## VRAAG 12

Verwys na die bronne en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




***Cave of the Heart***

**BRON B**

Martha Graham het die dans *Cave of the Heart* gechoreografeer. Haar danse is beskryf as kragtig, met sterk en skerp bewegings. Party van die bewegings het bestaan uit sametrekking (kontraksie) en ontspanning van liggaamsdele, die gebruik van die arms in dramatiese bewegings en om na die vloer toe te val.

12.1 Beskryf hoe elk van die kunstenaars/dansers in BRON A karakter uitbeeld deur die gebruik van hul liggame (gebruik van vorm, postuur en gebare) soos getoon in die foto. Gebruik die letters A, B, C, en D om aan te dui na watter kunstenaar/danser jy verwys. (8)

12.2 Wat verstaan jy onder die bewegingsterm 'sametrekking (kontraksie) en ontspanning' in reël 3 van BRON B? (4)

12.3 In jou studie van Dramatiese Kunste het jy ten minste een groeps-bewegingstuk of fisiese teateritem gechoreografeer. Verduidelik verskille en ooreenkomste tussen jou bewegingstuk/fisiese teateritem en die voorbeelde wat in BRON A en B aangebied word. (6)

12.4

**BRON C**

Dramatic Arts OBE for FET graad 12 verklaar dat '*Leerders wat Dramatiese Kunste neem so ver as moontlik aangemoedig moet word om hulself te verbreed in terme van opvoering.' (*Om jouself te verbreed beteken om jouself uit te daag met 'n opvoering wat jy moeilik vind.)

12.4.1 Verduidelik waarom dit goed is om jouself te '*verbreed*' in 'n opvoering in Dramatiese Kunste. (4)

12.4.2 Bespreek hoe jy jouself in 'n opvoering verbreed het in een van die praktiese stukke wat jy vir assessering in jou studie van Dramatiese Kunste aangebied het. Beskryf in jou antwoord die fisiese en vokale struikelblokke wat jy gehad het en hoe jy dit oorkom het. (8)

**[30]**

**VRAAG 13 KIES ENIGE EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE.**

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

'Toneelspel is nie eintlik 'n kreatiewe beroep nie. Dis 'n vertolkende beroep.'
Paul Newman

Skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek hoe jy en jou groep vertolkende vaardighede in jou finale opvoeringstuk (temaprogram of oudisieprogram) vir jou praktiese eksamen gebruik het. Verwys in jou antwoord na ten minste een van die items wat jy opgevoer het. **[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)**

'Ek is 'n storieverteller – dit is die hooffunksie van 'n regisseur. En hulle is bewegende prentjies, so kom ons laat hulle beweeg!'
Howard Hawks

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie stelling. Jy moet in jou antwoord na 'n rolprent of rolprente wat jy bestudeer het verwys en filmteorie toepas. **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)**

In 1896 het Herbert Spencer beweer dat die oorsprong van Afrika godsdiens en kultuur *'voorvader-aanbidding'* is, terwyl Edward Taylor betoog het dat dit *'geloof in geeste'* is.

Bespreek in 'n paragraaf hoe aan die elemente van teateropvoering uitdrukking gegee word deur kulturele opvoering en rituele.

Verwys in jou antwoord na teaterelemente en vaardighede wat in hierdie kulturele opvoerings en rituele teenwoordig is. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou